Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Deborah Williams**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Deborah.Williams@westerncape.gov.za | 021 467 2407

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20240201-1407

Assesseringsbestuursminuut: 0002/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Die bestuur en administrasie van versoeke om vakveranderinge en -regstellings vir graad 10 tot 12**

1. Hierdie minuut dien om prinsipale van skole te versoek om seker te maak dat leerders korrek op SOBIS geregistreer is. Alle graad 10- tot 12-leerders moet korrek geregistreer wees vir die vakke wat hulle neem, en hulle besonderhede moet aan die begin van elke jaar korrek op SOBIS ingevoer word.

2. **Vakregstellings**

2.1 Sou 'n leerder weens 'n administratiewe fout verkeerd op SOBIS geregistreer wees, word 'n **vakregstelling** vereis.

2.2 Die skool kan die regstelling op SOBIS verwerk en dit moet as sodanig op SOBIS aangedui word.

2.3 Indien toegang tot SOBIS nie verkry kan word nie, moet die skool die assesseringskoördineerder by die distrikskantoor versoek om die regstellings vir graad 10 tot 11 te verwerk.

2.4 Nadat die funksie op SOBIS gesluit het, moet enige vakregstellings vir graad 12-leerders van die Direktoraat: Assesseringsbestuur by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aangevra word. Prinsipale moet toesien dat vakregstellings vir graad 12-leerders jaarliks teen **15 Maart** afgehandel is.

2.5 Alle versoeke om vakregstellings moet vergesel wees van kwartaal-/vorderingsverslae as bewys van die vak/ke wat die leerder neem voordat die regstelling gemaak kan word.

3. **Vakveranderinge**

3.1 Wanneer 'n leerder die vak/ke wat hy/sy neem verander, word 'n **vakverandering** vereis.

3.2 Die *Regulasies met betrekking tot die Nasionale Kurrikulumverklaring graad R tot 12, 2016* wat in *Staatskoerant* No. 40472 van 02 Desember 2016 en Omsendbrief 0028/2016, gedateer 30 Julie 2016, gepubliseer is, stipuleer die jaarlikse sperdatums vir ouers/voogde en leerders om vakveranderinge in graad 10 tot 12 te versoek.

3.3 Die datums vir vakveranderinge in 2024 is soos volg:

| Graad | Vakveranderinge toegelaat | Aansoek van ouers/voogde/ leerders | Aksie deur die skool |
|---|---|---|---|
| **10** | 2 | 14 Junie | 19 Julie **op SOBIS** |
| **11** | 2 | 20 Maart | 12 April **op SOBIS** |
| **12** | 1 (slegs in uitsonderlike gevalle)* | 15 Desember in die graad 11-jaar | 26 Januarie in die graad 12-jaar **op SOBIS** |

* *Wanneer 'n leerder van Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid verander, en die leerder ook Fisiese Wetenskappe neem, moet Fisiese Wetenskappe ook verander word. Eers dan word twee veranderinge in graad 12 toegelaat.*

3.4 Die skool se assesseringsbeleid moet die vakveranderingsproses wat op skoolvlak geïmplementeer word, duidelik uiteensit en moet die volgende insluit:

3.4.1 Die vroeë identifisering van leerders in graad 10 tot 11 wat moontlik vakke sal verander, is baie belangrik. Die vakopvoeders moet leerders identifiseer wat 'n risiko in 'n bepaalde vak loop en moet 'n vakverandering skriftelik aan die ouers/voogde voorstel. Die verandering moet slegs in die beste belang van die leerder gedoen word.

3.4.2 Die ouers/voogde moet skriftelik by die prinsipaal aansoek doen om die vakverandering.

3.4.3 Die prinsipaal sal met die leerder, ouers/voogde en vakopvoeder konsulteer en konsensus moet bereik word oor of die vakverandering in die beste belang van die leerder is.

3.4.4 Ná behoorlike konsultasie en nadat 'n ooreenkoms bereik is, moet die prinsipaal, ouers/voogde en vakopvoeder 'n **Memorandum van Ooreenkoms (MvO) (Bylae A)** onderteken, wat aandui dat die vakverandering in die beste belang van die leerder gemaak word.

3.4.5 Die skool en ouers/voogde sal die verantwoordelikheid deel om te verseker dat die vakbehoeftes van die leerder hanteer word.

3.4.6 Vir rekorddoeleindes moet die SOBIS-administrateur van die skool 'n afskrif van die MvO hou.

3.4.7 Alle vakveranderinge vir graad 10 tot 11 sal deur die prinsipaal goedgekeur word en op SOBIS ingevoer word.

3.4.8 Hoofkantoor en distriksamptenare sal hierdie versoeke om vakveranderinge monitor.

3.5 Waar vakveranderinge vir graad 11-leerders in Desember versoek word, moet prinsipale bewys lewer dat hulle tussen November en 15 Desember van die graad 11-jaar met die voornemende graad 12-ouers/voogde vergader het, en die nodige terugvoer en advies verskaf het betreffende die graad 11-uitslae. Dit is om te verseker dat beide ouers/voogde en opvoeders kan ooreenkom oor alle versoeke om vakveranderinge en dat hierdie veranderinge elke jaar betyds verwerk kan word.

3.6 Prinsipale word nie toegelaat om enige vakveranderinge vir hul eie graad 12-leerders aan te bring nie en mag ook nie leerders na nuwe vakklasse skuif sonder die goedkeuring van die WKOD nie.

3.7 Oortreding van hierdie reëls sal in 'n ernstige lig beskou word.

4. **Vakveranderinge wat laat ontvang word**

4.1 Geen laat vakveranderinge sal toegelaat word nie.

4.2 Die leerder se halfjaarvakprestasie sal nie 'n geldige rede vir 'n laat versoek om vakveranderinge wees nie.

4.3 Sou kontekstuele faktore tot enige versoek om vakveranderinge lei, sal dit op meriete deur die volgende betrokke amptenare oorweeg word:

4.3.1 Graad 10 tot 11: Distrik se assesseringskoördineerder

4.3.2 Graad 12: Direktoraat: Assesseringsbestuur (Deborah.Williams@westerncape.gov.za)

4.4 Redes vir die versoek moet skriftelik gelewer word.

4.5 Ouers/voogde kan binne sewe dae 'n appèl via die skool aanteken betreffende 'n versoek wat geweier is.

4.6 Vir die appèl om oorweeg te word, moet alle tersaaklike stawende dokumente aangeheg word.

4.7 Appèlle en stawende dokumente moet aan me. Deborah Williams (Deborah.Williams@westerncape.gov.za) gestuur word en moet vergesel wees van 'n voltooide **Appèlvorm – Vakveranderinge ná sluitingsdatum (Bylae B)**.

4.8 Appèlle sal binne 10 dae na ontvangs van die versoek deur die Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens oorweeg word en die besluit is finaal.

5. **Ekstra vakke**

5.1 Leerders wat 'n agtste vak of meer neem, moet dit vanaf graad 10 doen. Leerders mag nie in graad 11 of 12 vir ekstra vakke registreer nie.

5.2 Wanneer 'n versoek gerig word dat 'n ekstra vak in graad 10 tot 12 bygevoeg word as deel van 'n vakregstelling, moet kwartaalverslae wat aandui dat die vak vanaf graad 10 geneem is, as bewys ingedien word.

6. Nienakoming van die skool se assesseringsbeleid of die verkeerde registrasie van leerderbesonderhede en vakke of versuim om 'n leerder op SOBIS te registreer, sal na die Direkteur: Assesseringsbestuur verwys word vir verdere ondersoek en progressiewe dissiplinêre stappe kan ingestel word.

7. Skole word daaraan herinner dat SOBIS-registrasiedata gebruik word om vakrekordblaaie vir die opname van skoolgebaseerde assesserings in alle vakke te genereer. Die registrasiedata word ook gebruik om graad 12-leerders op die geïntegreerde eksamenrekenaarstelsel te registreer. Dit is dus baie belangrik dat skole verseker dat alle leerderdata korrek op SOBIS bygewerk word.

8. Leerderinligting (persoonlike inligting en vakke), soos dit op 15 Maart op SOBIS verskyn, sal gebruik word om graad 12-leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen te registreer.

9. Prinsipale moet dus teen 15 Maart die akkuraatheid van graad 12-leerderdata op SOBIS verseker.

10. Neem asseblief kennis dat die eerste graad 12-skedules in April 2024 by die Direktoraat: Eksamens en Assessering ingedien moet word. Skole moet verder verseker dat alle leerders se profiel- en vakinligting as korrek geverifieer word. Die finale skedules sal in Augustus 2024 gestuur word en ná indiening by die Direktoraat: Eksamens en Assessering, sal die graad 12-leerderinligting as finaal beskou word en kan geen regstellings gemaak word nie.

11. Distriksamptenare en prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders, ouers/voogde en leerders te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-02-07